LA AFTREEFONDS
Verseker jou aftrede

Lede Nuusbrief
Uitgawe 3 ≡ Des 2020

Nota van die hoofbeampte

Ilse Hartlief

Geagte Lede

Te midde van die baie uitdagings waarmee ons in 2020 te doen gekry het, is dit belangrik dat ons die silwer randjie van hierdie donker wolk bly soek. Die vakansie bied dikwels 'n geskikte geleentheid vir bestekopname van waar ons is en waarheen ons op pad is.

Om doelwitte te stel vir 2021 sal help om ons gemotiveerd en gefokus te hou ondanks die deurmekaar wêreld rondom ons. Van belang is om jouself af te vra waarmee om aan te gaan, wat om te staak, en wat om te begin doen. Dit is noodsaaklike elemente van toekomsbeplanning. As mense is dit ons veerkragtigheid ondanks uitdagings wat ons in die gesig staar, wat ons in staat stel om storms te oorkom en uit te styg.

Die Fonds het ook voor heelwat pandemieverwante uitdagings te staan gekom, maar soos altyd het ons motivering en toewyding om by u, ons lede, uit te kom, ons gehelp om aan te pas en op te gradeer sodat ons steeds in u beste belang dienste kan lewer, ongeag die omstandighede.

Ek wil graag elke lid bedank wat ons kommunikasiestukke gelees het, ingeskakel het op ons aanlyn sessies en oor die algemeen gedurende hierdie moeilike tydperk met die Fonds saamgewerk het. Ek hoop dat ons met die oog op 2021 verbind sal bly tot samewerking rakende ons gemeenskaplike doelwit, naamlik om 'n gemaklike aftrede vir u te verseker.

Dit was Nelson Mandela wat gesê het: "Ek het geleer dat dapperheid nie die afwesigheid van vrees is nie, maar die oorwinning daaroor."

Ek sien uit na ons voortgesette oorwinnings in 2021.

Trusteeverkiesings

Die Fonds se Lidtrusteeverkiesings vir 2020 is vroeër vanjaar gehou. Een lidtrusteevakature moes teen 1 Januarie 2021 gevul word en u is gevra om geskikte kandidate te benoem. Ons het een benoeming vir hierdie posisie ontvang. In ooreenstemming met die Fondsreëls en verkiesingsprotokol was geen verkiesing nodig nie. Ons is dus verheug om mev. Michelle van Zyl terug te verwelkom. Sy begin haar nuwe termyn van vyf jaar as lidverkose trustee op 1 Januarie 2021.

Advies oor Aftreevoordele

Ons is trots daarop om u te kan bekendstel aan Grant Greenfield, die Fonds se nuwe raadgewer oor aftreevoordele (ook bekend as die RBC). Grant se rol is om hom toe te spits op hulp aan u om die Fonds se voordele te verstaan en seker te maak dat u bewus is van die opsies en keuses wat aan u beskikbaar is wanneer u aftree of u van die Fonds onttrek.

Indien u die RBC wil kontak, kan u dit doen per:

- E-pos: support@laretirementfund.co.za
- Tel: 021 943 5305
- WhatsApp: 081 806 9959 (tussen 08:00 - 16:00)

Nota: *Die RBC bied slegs gratis hulp en leiding aan ons lede. Indien u finansiële advies benodig, kontak asseblief 'n geregistreerde en geakkrediteerde finansiële raadgewer.*

Ons nuwe virtuele werklikheid

Die koronavirus-pandemie het die belangrike rol van tegnologie in ons lewens opnuut na vore gebring. Om voortgesette kommunikasie tydens hierdie pandemie te verseker, is instellings gedwing om die vermoë en rol van tegnologie in die verskaffing van kommunikasie aan te gryp. As 'n Fonds moes ons dieselfde doen.

Die Fonds het vanjaar die eerste van hopelik vele suksesvolle virtuele Algemene Jaarvergaderings aangebied. Daarby het ons virtueel beleggingsverslae aangebied, aftredeveldtogte geloods en werkswinkels oor ons lewende annuïteit binne die Fonds, en selfs ons heel eerste aanlyn opleidingsessie vir lede gehou. Hoewel ons daarna uitsien om weer van aangesig tot aangesig met u te praat, is ons opgewonde om vorentoe ook die virtuele sessies vir skakeling te benut omdat dit ons help om selfs meer lede te bereik.

Ons is so trots op en dankbaar teenoor diegene van u wat hierdie geleenthede gebruik het om in die gemak van u eie huis of kantoor meer oor die Fonds te wete te kom. Indien u nog nie kans gehad het daarvoor nie, hoop ons dat u volgende jaar hierdie virtuele reis saam met ons sal aanpak. Hou u e-posse of die Fonds se aanlyn kalender dop vir meer inligting oor komende geleenthede.

Ons herinner u dat u, bykomend tot 'n besoek aan die Fonds se instapkantoor, ons ook te eniger tyd op die volgende maniere kan kontak:

Tel: 021 943 5305
Faks: 021 917 4114
WhatsApp: 081 806 9959 (tussen 08:00 - 16:00)
E-pos: support@laretirementfund.co.za

Ons wil u ook graag herinner dat die Fonds se kliënteskakelbeampte, Glenda Kunene, behalwe vir haar deurlopende interaksie met u personeelverteenwoordiger, ook beskikbaar is om te help met enige navrae wat u mag hê.

U kan haar skakel by 081 778 0923.

Help ons om u te help!

Maak asseblief seker dat die Fonds altyd u jongste kontakbesonderhede het. 'n Deel van die reis na 'n gemaklike aftrede vereis voortdurende interaksie en kommunikasie tussen die Fonds en sy lede. Ons kan dit egter net bewerkstellig as ons in staat is om met u in aanraking te kom. Werk indien nodig asseblief vandag nog u kontakbesonderhede by per:

Tel: 021 943 5305
WhatsApp: 081 806 9959 (tussen 08:00 - 16:00)
Faks: 021 917 4114
E-pos: support@laretirementfund.co.za

LA AFTREEFONDS

Securing your retirement • Verseker jou aftrede • Ukukhusela umhlala-phantsi wakho

U VOORDELE-STAAT IN 'N NEUTEDOP

U voordele-jaarstaat is 'n baie belangrike deel van u reis na 'n gemaklike aftrede. Dit is belangrik dat u dit begryp sodat u dit kan gebruik om u te help beplan vir die toekoms.

PERSOONLIKE INLIGTING

Hou u persoonlike inligting bygewerk om seker te maak u ontvang inligting vanaf u aftreefonds betyds.

OORSIG VAN VOORDELE

Opsomming van die voordele waarop u geregtig is in die geval van u bedanking, aflegging, aftrede, of dood. U kies u vlak van doodsdekkingsvoordeel wanneer u u by die Fonds aansluit. Dit kan op die 1ste Julie van elke jaar, of binne 3 maande vanaf 'n lewensveranderende gebeurtenis of oorgang na 'n volgende ouderdomsgroep verander word.

U MAANDELIKSE ONGESKIKTHEIDSINKOMSTE

Indien u hierdie voordeel kies, is dit die **verwagte maandelikse inkomste in die geval van u ongeskiktheid.**

BEGRAFNISVOORDELE

Hierdie voordeel is **betaalbaar by u dood of die dood van 'n benoemde afhanklike van u.**

VRYWILLIGE KRITIEKE-SIEKTEVOORDEEL

Indien u hierdie voordeel kies, sal dit **betaalbaar word as u 'n kritieke siekte of siektetoestand opdoen.**

BEGUNSTIGDE-HERSIENINGSVORM

Maak asseblief seker u **gaan hierdie inligting deeglik na** en stuur waar nodig enige bygewerkte inligting aan ons. Dit is 'n goeie geleentheid om seker te maak ons het die korrekte besonderhede van u benoemde begunstigdes op rekord.

WAAR STAAN U MET U AFTREEPLANNE?

Die doel hiervan is om 'n aanduiding in vandag se geldwaardes te kry van wat u maandelikse pensioen by aftrede behoort te wees sodat u kan bepaal of u op koers is om gemaklik te kan aftree.

As u u voordele-jaarstaat noukeurig nagaan, sal u nie net weet hoeveel u het nie, maar ook 'n idee kry van hoeveel u mag nodig hê.

Hier is 'n paar eenvoudige wenke om u terug op koers te kry, of op koers te hou:

- Spaar soveel as wat u kan vir so lank as wat u kan
- Bewaar u aftreespaargeld (moenie dit onttrek en bestee nie) wanneer u van werk verander
- Lees u voordele-jaarstaat en gebruik dit as 'n geleentheid om u finansiële behoeftes en toekomsverwagtinge te bepaal
- Maak seker dat u 'n aftreeplan gereed het
- Vra 'n geakkrediteerde finansiële adviseur om raad oor u geldsake
- Lees alle kommunikasiestukke van die Fonds noukeurig deur

Trustees: Mnr. DL Carstens (Voorsitter), Me. M van Zyl (Ondervoorsitter), Adv. CJ Franken, Mnr. J Lawack, Mnr. J Jacobs, Mnr. WR Meiring, Mnr. S Philander, Mnr. JAH van den Berg, **Hoofbeampte:** Me. IT Hartlief

Posbus 4300, Tygervallei, 7536 • Belmont-kantoorpark, Bellville, 7530 • support@laretirementfund.co.za
Tel: 021 943 5305 • Faks: 021 917 4114
www.laretirementfund.co.za • Fondsregistrasienr.: 12/8/1278/2